

13 Desember

Skrifgedeelte: Johannes 6:1-15

Fokusgedeelte: NGB, Art 35

Die nagmaal – hoe om dit met seën te gebruik

Wat vra ons as ons voor ete die seën oor kos afbid? Wat moet met die kos gebeur? Moet dit smaakliker word? Moet dit meer woord? Moet dit voedsamer word? Wat is uiteindelik die inhoud van 'n gebed om seën?

'n Gebed om seën is 'n gebed om DIENSBAARHEID. Oor watter voedsel, saak of geleentheid ons ook al God se seën afbid, in wese is dit 'n smeking dat God dit in sy diens sal gebruik, dat Hy dit sal gebruik om sý doel te bereik. Dit kan, soos in ons Skrifgedeelte, die vermeerdering van middele beteken (vers 11). Dit kan egter ook, soos in die geval van die ryk jongman (Matt 19:21), die vermindering van middele beteken. Wat ook al nodig is om God se plan te laat slaag moet gebeur. Sulke dinge wat gebeur is geseënd.

Diensbaarheid aan God vra egter heiligheid. Daarom bereik alles wat God seën ons deur Christus. Sy offer, sy bloed, HEILIG ALLES! Alle geseënde dinge kom dus, soos in ons Skrifgedeelte, uit die hande van Christus self. Wie die seën oor 'n bord kos vra, ontvang ná die gebed daardie bord kos uit die wonderhande van ons Here self.

Nêrens moet ons hiervan meer bewus wees as by die nagmaal nie. By die nagmaal dink ons immers daaraan dat Christus alles wat nodig was, gedoen het – ja, Homself gegee het om ons weer aan God diensbaar te maak. Onverdiend, in nederigheid en vol dankbaarheid ontvang ons in die tekens van die nagmaal opnuut die waarborg dat God ons lewe wil seën. Met moed kan ons dan weer die lewe aanpak. God sal selfs meer as genoeg gee van alles wat nodig is om sy Naam te verheerlik!

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)